



Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8738

8738

Friday, 31 March 2023

Vrydag, 31 Maart 2023

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Provincial Notices	
36	Heritage Western Cape: Formal Protection of Archaeological Sites 190
37	UnoNdyebo wePhondo leNtshona Koloni: IsaZiso ngeSixa Mali esiGunyazisiweyo ngoKwecandelo 25(1) ukuSetyenziswa kooMasipala abaThile Kwiimeko ziKaxakeka 196
Tenders:	
Notices.....	200
Local Authorities	
Bergrivier Municipality: Closure of Portion of Public Road	204
Bitou Local Municipality: Removal of Restrictions	203
Breede Valley Municipality: Final Notice	204
Breede Valley Municipality: Removal of Restrictions, Subdivision and Consent Use	209
City of Cape Town: Amendment of Conditions	202
City of Cape Town: Closure of Public Place	203
City of Cape Town: Closure of Public Place	203
City of Cape Town: Removal of Conditions	202
City of Cape Town: Removal of Conditions	202
City of Cape Town: Removal of Conditions	204
Department of Environmental Affairs and Development Planning: Approval Required for Development of Land	208
George Municipality: Removal of Restrictions	201
Hessequa Municipality: Removal of Restrictions	210
Langeberg Municipality: Information Statement	200
Mossel Bay Municipality: Closure of Public Place	208
Oudtshoorn Municipality: Proposed Rezoning	203
Stellenbosch Municipality: Call for Public Comment	209
Swartland Municipality: Proposed Rezoning	201
Western Cape Gambling and Racing Board: Notice	205
Western Cape Gambling and Racing Board: Notice	207

Nr.	Bladsy
Provinsiale Kennisgewings	
36	Erfenis Wes-Kaap: Formele Beskerming van Argeologiese Terreine..... 190
37	Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie: Kennisgewing van Fondse Gemagtig Ingevolge Artikel 25(1) vir Gebruik deur Sekere Munisipaliteite in Noodsituasies 192
Tenders:	
Kennisgewings	200
Plaaslike Owerhede	
Bergrivier Munisipaliteit: Sluiting van Gedeelte van Publieke Straat	204
Bitou Plaaslike Munisipaliteit: Removal of Restrictions (Slegs Engels).....	203
Breedevallei Munisipaliteit: Finale Kennisgewing	204
Breedevallei Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings, Onderverdeling en Vergunningsgebruik	209
Stad Kaapstad: Wysiging van Voorwaardes	202
Stad Kaapstad: Sluiting van Openbare Plek	203
Stad Kaapstad: Sluiting van Openbare Plek	203
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	202
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	202
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	204
Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Goedkeuring vir Ontwikkeling van Landbougrond	208
George Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	201
Hessequa Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	210
Langeberg Munisipaliteit: Inligtingsverklaring	200
Mosselbaai Munisipaliteit: Sluiting van Publieke Plek	208
Oudtshoorn Munisipaliteit: Voorgestelde Hersonerings	203
Stellenbosch Munisipaliteit: Uitnodiging vir Publieke Kommentaar	209
Swartland Munisipaliteit: Voorgestelde Hersonerings	201
Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne: Kennisgewing ...	206
Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne: Kennisgewing ...	207

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for general information.

DR HC MALILA,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

DR HC MALILA,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

GQIR HC MALILA,
MLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 36/2023

31 March 2023

HERITAGE WESTERN CAPE

FORMAL PROTECTION OF ARCHAEOLOGICAL SITES, LANDSCAPE AND NATURAL FEATURES OF CULTURAL SIGNIFICANCE, STRUCTURES AND UNMARKED BURIALS, SITUATED ON OR AT THE "MOWBRAY MUSLIM CEMETERY", BROWNING ROAD, REMAINDER ERF 27440, MOWBRAY, CAPE TOWN

By virtue of the powers vested in Heritage Western Cape, as the provincial heritage resources authority for the province of the Western Cape, in terms of Section 27(2) of the National Heritage Resources Act, Act no. 25 of 1999, and as per the Heritage Western Cape Council decision dated 7 March 2023, archaeological and palaeontological sites, unmarked burials, the landscape and natural features of cultural significance and structures situated on or at the Mowbray Muslim Cemetery, Browning Road, Remainder Erf 27440, Mowbray, Cape Town, corresponding with the Imam Abdol Rakiép grave site, and as reflected in the below schedule, is hereby formally protected under Section 27 of the Act as a Provincial Heritage Site.

Schedule

The demarcation of the Provincial Heritage Site is as follows:

The Imam Abdol Rakiép grave site only on Remainder of Erf 27440, as part of the Muslim Cemetery on Browning Road, Remainder Erf 27440, Mowbray, Cape Town.

Significance

Imam Abdol Rakiép, the son of Imam Abduroaf, son of Tuan Guru, was a trend setter of his time. He was the progenitor of the Rakiép family, who originally adopted his name as their surname. He was one who showed leadership in the community. As a scholar he broke down the rigid thinking of jurisprudence, despite it being an unpopular position. As a youth, he led the community as the Imam of the Mosque. He preserved the artifacts and literary works of his grandfather, which was ably preserved through his descendants. When he obtained a property in Frere Street in District Six, he developed a model of self-sustaining endowment. It was used as a place of worship, which served as a place for religious learning. He was a spiritualist healer who help all human beings and their animals. The Imam was also instrumental in obtaining a cemetery for the community after the cemetery in Bo-Kaap was closed.

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 36/2023

31 Maart 2023

ERFENIS WES KAAP

FORMELE BESKERMING VAN ARGEOLOGIESE TERREINE, LANDSKAP EN NATUUREIENSKAPPE VAN KULTURELE BETEKENIS, INSLUITEND STRUKTURE EN ONGEMERKTE GRAFTE, GELEË OP OF BY DIE MOWBRAY MOSLEM BEGRAAFPLAAS, BROWNINGWEG, RESTANT VAN ERF 27440, MOWBRAY, KAAPSTAD

Kragtens die bevoegdheid verleen aan Erfenis Wes Kaap, as die provinsiale erfenishulpbronowerheid van die Wes-Kaap, ingevolge artikel 27(2) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet no. 25 van 1999, en volgens die Raadsbesluit van Erfenis Wes Kaap gedateer 7 Maart 2023, word argeologiese en paleontologiese terreine, ongemerkte grafte, die landskap en natuureienskappe van kulturele betekenis en strukture geleë op of by die Mowbray Moslem museum, Browningweg, Restant van Erf 27440, Mowbray, Kaapstad, wat ooreenstem met die Imam Abdol Rakiép grafsterrein, en soos aangetoon in die onderstaande bylae kragtens artikel 27 van die Wet, hiermee formeel as n Provinsiale Erfenisterrein beskerm.

Bylae

Die afbakening van die Provinsiale Erfenisterrein is soos volg:

Slegs die Imam Abdol Rakiép grafsterrein op Restant van Erf 27440, as deel van die Moslem begraafplaas op Browningweg, Restant van Erf 27440, Mowbray, Kaapstad.

Betekenis

Imam Abdol Rakiép, die seun van Imam Abduroaf, seun van Tuan Guru, was 'n toonaangewer van sy tyd. Hy was die stamvader van die Rakiép-familie, wat oorspronklik sy naam as hul van aangeneem het. Hy het sy leierskap in die gemeenskap uitgeleef. As geleerde het hy wegbeweeg van die rigiede denke van regsgeleerdheid, ten spyte daarvan dat dit 'n ongewilde posisie was. As jeugdige het hy die gemeenskap as die Imam van die Moskee gelei. Hy het die artefakte en literêre werke van sy oupa bewaar en dit is ook getrou deur sy nageslag bewaar. Hy het eiendom in Frerestraat in Distrik Ses gekoop en 'n model van selfonderhouding ontwikkel. Dit is as 'n plek van aanbidding gebruik en het ook gedien as 'n platform vir godsdienstige onderrig. Hy was 'n geestelike geneser wat alle mense en hul diere gehelp het. Die Imam het ook 'n belangrike rol gespeel in die verkryging van 'n begraafplaas vir die gemeenskap nadat die begraafplaas in Bo-Kaap gesluit is.

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 36/2023

31 kweyoKwindla 2023

ILIFA LEMVELI LENTSHONA KOLONI**UKHUSELEKO OLUSESIKWENI LWEZIZA ZENZULULWAZI YOKUGRUMBA IINTSALELA ZASEZIMBALINI, IMBONAKALO MHLABA KUNYE NEEMPAWU ZENDALO EZINENTSINGISELO YENKCUBEKO, IZAKHIWO NAMANGCWABA ANGAPHAWULWANGA, AKU “MANGCWABA AMASILAMSI ASEMOWBRAY”, EBROWNING ROAD, KWINTSALELA YOMHLABA ONGUERF 27440, MOWBRAY, EKAPA**

Ngenxa yamagunya anikwe iLifa leMveli leNtshona Koloni, njengogunyaziwe wemithombo yelifa lemveli lephondo wephondo leNtshona Koloni, ngokweCandelo le27(2) loMthetho weMithombo yeLifa leMveli yeSizwe, uMthetho nombolo 25 ka1999, kwaye ngokwesigqibo seBhunga leLifa leMveli leNtshona Koloni somhla we7 kweyoKwindla ka2023, iza zenzululwazi yokugrumba iintsalela zasezimbalini nezentsalela zamathambo ezilwanyana nezityalo, amangcwaba angaphawulwanga, iimpawu zembonakalo mhlaba nezendalo ezinentsingiselo kwinkcubeko nezakhiwo ezikumaNgcwaba amaSilamsi eMowbray, eBrowning Road, kwiNtsalela yomhlaba onguErf 27440, eMowbray, eKapa, ohambelana nesiza samangcwaba esiyiImam Abdol Rakiep, kwaye njengoko kubonisiwe kwishedyuli engezantsi, ngoko ke sikhuselwe ngokusesikweni phantsi kweCandelo 27 loMthetho weSiza seLifa leMveli lePhondo.

Ishedyuli

Ukucandwa kweSiza seLifa leMveli lePhondo kume ngale ndlela ilandelayo:

Isiza samangcwaba esibizwa iImam Abdol Rakiep kuphela kwiNtsalela yomhlaba onguErf 27440, njengenxalenye yamaNgcwaba amaSilamsi eBrowning Road, iNtsalela yomhlaba onguErf 27440, eMowbray, eKapa.

Intsingiselo

U-Imam Abdol Rakiep, ongunyana kaImam Abduroaf, ongunyana kaTuan Guru, wayengumseki wezinto ngexesha lakhe. Wayesisinyanya sosapho lakwaRakiep, sokuqala ukusebenzisa igama lakhe njengefani yabo. Yayinguye owabonakalisa isikhokelo eluntwini. Njengomfundi waphelisa indlela yokucinga elushica yabenkqubo yezomthetho, nangona iyindlela engathandwayo. Njengomntu owayesemtsha, wakhokela uluntu njengomfundisi weMosque. Walondoloza imisebenzi yezandla nebhaliweyo katatomkhulu wakhe, eyathi yakwazeka ukulondolozeka ngenzala yakhe. Ngexesha awafumana ngayo indlu eFrere Street eDistrict Six, waphuhlisa umfuziselo wesiphiwo sokuzinzisa. Yayisetyenziswa njengendawo yokunqula, eyathi yasebenza njengendawo yokufunda izibhalo. Wayengumphilisi ngokwezomoya owayanceda bonke abantu kunye nezilwanyana zabo. UMFundisi wayeluncedo kananjalo ekufumaneni umhlaba wamangcwaba woluntu emva kokuba aye avalwa amangcwaba aseBo-Kaap.

This is the Afrikaans and isiXhosa version of the Provincial Notice 19/2023 that was published on 13 February 2023 in terms of section 25 of the Public Finance Management Act, 1999 (Act 1 of 1999).

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 37/2023

31 Maart 2023

WES-KAAPSE PROVINSIALE TESOURIE

WET OP OPENBARE FINANSIËLE BESTUUR, 1999 (WET 1 VAN 1999)

KENNISGEWING VAN FONDSE GEMAGTIG INGEVOLGE ARTIKEL 25(1) VIR GEBRUIK DEUR SEKERE MUNISIPALITEITE IN NOODSITUASIES

AANGESIEN artikel 25(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (die Wet), voorsiening maak dat die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies in 'n provinsie die gebruik van fondse van daardie provinsie se Provinsiale Inkomstefonds kan magtig om uitgawes van 'n ongewone aard te dek waarvoor daar nie voorsiening gemaak is nie en nie, sonder ernstige vooroordeel teenoor die openbare belang in die provinsie, uitgestel kan word na 'n toekomstige toewysing deur die provinsiale wetgewer nie;

EN AANGESIEN die uitgerekte beurtkrag 'n wydverspreide en ernstige skadelike impak op munisipale dienste en die ekonomie het, en finansiële implikasies het waarvoor daar nog nie voorsiening gemaak is ten opsigte van die 2022/23-boekjaar nie;

EN AANGESIEN die Wes-Kaapse Regering, ingevolge artikel 154(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die vermoëns van munisipaliteite moet ondersteun en versterk om, onder andere, hul funksies te verrig;

WORD DERHALWE kennis gegee dat die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie van die Wes-Kaap dienooreenkomstig, ingevolge artikel 25(1) van die Wet, 'n totaal van R88,815 miljoen uit die Provinsiale Onvoorsiene en Onafwendbare Reserwefonds gemagtig het om munisipaliteite by te staan met die onvoorsiene en onmiddellike impak van uitgerekte beurtkrag op water- en afvalwaterdienste, en watter bedrag bedoel is om in die aanpassingsbegrotings van munisipaliteite ingesluit te word.

Deel A van die Bylae weerspieël die bedoelde toewysing van die fondse tussen die gelyste munisipaliteite.

Deel B van die Bylae stippel die voorwaardes uit wat in die sluiting van Oordragbetalingsooreenkomste tussen die Wes-Kaapse Regering en die munisipaliteit vervat word, en in die bykomende toewysingskennisgewing wat ingevolge artikel 29(3) van die "Division of Revenue Act, 2022" (Wet 5 van 2022) gepubliseer gaan word.

Bylae
Munisipale Beurtkrag Noodlenigingstoewysing vir Noodgevalle

Gedeelte A

Toewysings per munisipaliteit

Kategorie	Distriks-munisipaliteit	Afbakenings-kode	Munisipaliteit	2022/23 Toekenning R'000
B	DC1	WC011	Matzikama	1,050
B	DC1	WC012	Cederberg	1,600
B	DC1	WC013	Bergrivier	3,600
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	2,950
B	DC1	WC015	Swartland	10,945
C	DC1	DC1	Weskus	1,900
B	DC2	WC022	Witzenberg	475
B	DC2	WC023	Drakenstein	6,000
B	DC2	WC024	Stellenbosch	6,175
B	DC2	WC025	Breedevallei	950
B	DC2	WC026	Langeberg	350
C	DC2	DC2	Kaapse Wynland	950
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	1,800
B	DC3	WC032	Overstrand	6,700
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	350
B	DC3	WC034	Swellendam	1,360
C	DC3	DC3	Overberg	1,600
B	DC4	WC041	Kannaland	1,075
B	DC4	WC042	Hessequa	3,800
B	DC4	WC043	Mosselbaai	5,000
B	DC4	WC044	George	14,220
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	4,665
B	DC4	WC047	Bitou	5,600
B	DC4	WC048	Knysna	2,400
C	DC4	DC4	Tuinroete	1,600
B	DC5	WC051	Laingsburg	60
B	DC5	WC052	Prins Albert	175
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	1,115
C	DC5	DC5	Sentraal Karoo	350
TOTALE TOEKENNING				88,815
Fonds deur die Departement weerhou				0
TOTAAL				88,815

Gedeelte B

Doel van toewysing:

Verskaf 'n finansiële bydrae aan munisipaliteite vir die aankoop en installering van rugsteun-energievoorsiening (wat kragopwekkers, hernubare kragbronne, batterye en alle bykomende koste verbonde aan die installasie kan insluit, d.w.s.: skakeltoestelle, veilige bewaring, toesluiting, ens.) vir water en afvalwaterinfrastruktuur. Dit dien as 'n onmiddellike reaksie op die voortdurende beurtkrag, om sodoende die impak op die verskaffing van basiese dienste en potensiele gesondheidsrisiko's tot 'n minimum te beperk.

Strategiese doelwit:

Implementering van noodmaatreëls op plaaslike regeringsvlak om die nadelige uitwerking van beurtkrag op munisipale dienste, sakeondernemings en die ekonomie tot 'n minimum te beperk.

Uitkomste-verklarings:

Stel munisipaliteite in staat om voort te gaan om hul grondwetlike mandaat na te kom om 'n gesonde omgewing te verseker en die verskaffing van basiese dienste aan burgers, gemeenskappe en sakeondernemings voort te sit te midde van die gevolge van die huidige beurtkrag.

Besonderhede vervat in sakeplan:

Elke munisipaliteit moet 'n sakeplan voorberei wat deur die rekenpligtige beamppte onderteken is en die volgende spesiale vereistes bevat:

- Sertifikate van Verbintenis voltooi deur die rekenpligtige beamppte om alle bykomende koste (bedryfskoste) wat met hul onderskeie kragopwekkers geassosieer word, te verkry en effektief te bedryf, in stand te hou en te hanteer.
- 'n Opsomming van die bedrag wat die munisipaliteit bestee het om die risiko van beurtkrag te verminder.

Daarbenewens gaan die sakeplanne die volgende besonderhede bevat:

- Projekomvang ('n gekonsolideerde lys van kritieke infrastruktuurinstallasies en energievoorsieningsvereistes)
- Tegnieuse ontwerp-spesifikasies
- Uitset-aanwysers
- Uitkomste
- Hoofaktiwiteite
- Implementeringstrategie
- Tydraamwerke
- Geskatte koste en kontantvloei
- Monitering en verslagdoening

Voorwaardes waaraan die fondse onderworpe is (soos per oordragbetalingsooreenkoms met munisipaliteite):

- Maandelikse finansiële en nie-finansiële prestasieverslae (insluitend verkrygingsinligting) moet by die Departement van Plaaslike Regering ingedien word soos uiteengesit in die Oordragbetalingsooreenkoms.
- Munisipaliteite moet binne 10 werksdae van die einde van elke maand, totdat die projek voltooi is, 'n publieke verklaring vrystel oor vordering ten opsigte van die finansiële en nie-finansiële prestasie van hierdie besteding.
- Munisipaliteite moet geloofwaardige sakeplanne aan die Departement van Plaaslike Regering voorlê wat beoogde uitsette en uitkomste, gedetailleerde begroting en uitrolplan uiteensit.
- Die toewysing mag slegs aangewend word vir die projekte soos uiteengesit in die goedgekeurde sakeplan.
- Munisipaliteite moet deursigtige en regverdige verkrygingsprosesse volg wat voldoen aan die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003), en verkrygingsregulasies.
- Alle bates wat deur hierdie fondse aangekoop word, moet in die bateregister van die munisipaliteit ingesluit word en bevestiging hiervan moet by die Departement van Plaaslike Regering ingedien word.

Verantwoordelikhede van die Provinsiale oordragsbeampte:

- Raadpleeg betrokke munisipaliteite.
- Oorweeg en keur sakeplanne goed.
- Stel oordragbetalingssooreenkoms op en sirkuleeraan munisipaliteite en maak seker dat hulle die oordragbetalingssooreenkoms onderteken en na die Departement an Plaaslike Regering terugstuur.
- Hou vergaderings wat sal help met die monitering en bestuur van die program (uitsette en beoogde uitkomste), soos en wanneer nodig.
- Verskaf advies en ondersteuning, insluitend voorsieningsketteringbestuur.
- Monitering van die uitvoering van projekte deur middel van bestedings- en vorderingsverslae (insluitend die verkrygingsinligting) deur ontvangende munisipaliteite.
- Maak 'n verslag oor die finansiële en nie-finansiële prestasie van hierdie toekenning openbaar aan die publiek.

Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte (soos per oordragbetalingssooreenkoms met munisipaliteite):

- Berei geloofwaardige sakeplanne voor wat bely is met uitsette en uitkomste.
- Hersien verkrygingsplan vir 2022/23 om verkryging in te sluit wat uit hierdie toewysing befonds word.
- Verseker aktiewe eienaarskap van die projek op die hoogste gesagsvlak.
- Dien maandelikse finansiële en nie-finansiële prestasieverslae in (insluitend verkrygingsinligting) soos uiteengesit in die oordragbetalingssooreenkoms.
- Maak inligting oor die finansiële en nie-finansiële prestasie van hierdie toewysing bekend.

ISAZISO SEPHONDO**I.S. 37/2023****31 kweyoKwindla 2023****UNONDYEBO WEPHONDO LENTSHONA KOLONI****UMTHETHO “IPUBLIC FINANCE MANAGEMENT ACT”, 1999 (UMTHETHO 1 KA-1999)****ISAZISO NGESIXA MALI ESIGUNYAZISIWEYO NGOKWECANDELO 25(1) UKUSETYENZISWA
KOOMASIPALA ABATHILE KWIIMEKO ZIKAXAKEKA.**

NJENGOKO icandelo 25(1) lomthetho “iPublic Finance Management Act”, 1999 (uMthetho 1 ka-1999) (uMthetho), ubonelela uMphathiswa wePhondo onoxanduva lwezemali kwiphondo ukuba agunyazise ukusetyenziswa kwemali yela phondo evela kwiNgxowamali yeNgeniso yePhondo ukuba ixhase inkcitho ekwisimo esisodwa esingaqhelekanga engabonelelwanga nenganelwanga, ngaphandle kokudlelelela kakhulu iimfuno zoluntu kwiphondo, imiselwe kulwabiwo lweXesha elizayo yindlu yowisomthetho yephondo;

KWAYE NJENGOKO unkinkisho lombane oluthatha ixesha elide lunempembelelo enkulu neyingozi kakhulu kwiinkonzo zikamasipala nakwezoqoqosho, kwaye lunempembelelo kwezemali ezingekabonelelwa malunga nonyaka mali wama 2022/23;

KWAYE NJENGOKO uRhulumente weNtshona Koloni, ngokwecandelo 154(1) loMgaqo siseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, 1996, kufuneka axhase aze omeleze amandla oomasipala okuba, phakathi kwezinye izinto, benze imisebenzi yabo;

KUNGOKO isaziso sinikezelwe ukuba uMphathiswa wePhondo onoxanduva lwezemali kwiPhondo leNtshona Koloni, ngokwemiqathango yecandelo 25(1) loMthetho, agunyazise isixa mali esizizigidi ezingama-R88,815 kwiNgxowa mali eBekelwe bucala yemeko eNgacingelwanga neNgathintelekiyo ukuncedisa oomasipala ngefuthe elingalindelekanga nelikhawulezileyo kunkinkisho lombane othatha ixesha elide kwiinkonzo zamanzi kunye namanzi amdaka, kwaye sesiphi isixa mali ekujongwe ukuba sibandakanywe kuhlengahlengiso lohlahlo lwabiwo mali loomasipala.

ICandelo A leShedyuli libonisa indlela izixa mali ekujongwe ukuba zabiwe ngayo phakathi koomasipala abadwelisiweyo.

ICandelo B leShedyuli limisela imiqathango eyakuqulathwa kwiSivumelwano sokuHambisa iNtlawulo ekungenwe kuso phakathi koRhulumente weNtshona Koloni kunye noomasipala, nakwisaziso solwabiwo esongezelelweyo esiya kupapashwa ngokwemiqathango yecandelo 29(3) lomthetho “iDivision of Revenue Act”, 2022 (uMthetho wesi-5 ka-2022).

*Ishedyuli**Inkxasomali eKhawulezileyo yokuHlangula ooMasipala kuNkinkishombane***Icandelo A****Ulwabiwo ngomasipala ngamnye**

Udidi	UMasipala weSithili	Ikhowudi yolahlulohlo	UMasipala	2022/23 Ulwabiwo R'000
B	DC1	WC011	IMatzikama	1,050
B	DC1	WC012	ICederberg	1,600
B	DC1	WC013	IBergrivier	3,600
B	DC1	WC014	ISaldanha Bay	2,950
B	DC1	WC015	ISwartland	10,945
C	DC1	DC1	IWest Coast District	1,900
B	DC2	WC022	IWitzenberg	475
B	DC2	WC023	IDrakenstein	6,000
B	DC2	WC024	IStellenbosch	6,175
B	DC2	WC025	IBreede Valley	950
B	DC2	WC026	ILangeberg	350
C	DC2	DC2	ICape Winelands	950
B	DC3	WC031	ITheewaterskloof	1,800
B	DC3	WC032	I-Overstrand	6,700
B	DC3	WC033	ICape Agulhas	350
B	DC3	WC034	ISwellendam	1,360
C	DC3	DC3	I-Overberg	1,600
B	DC4	WC041	IKannaland	1,075
B	DC4	WC042	IHessequa	3,800
B	DC4	WC043	IMossel Bay	5,000
B	DC4	WC044	IGeorge	14,220
B	DC4	WC045	I-Oudtshoorn	4,665
B	DC4	WC047	IBitou	5,600
B	DC4	WC048	IKnysna	2,400
C	DC4	DC4	IGarden Route	1,600
B	DC5	WC051	ILaingsburg	60
B	DC5	WC052	IPrince Albert	175
B	DC5	WC053	IBeaufort West	1,115
C	DC5	DC5	ICentral Karoo District	350
UGQITHISELO LULONKE				88,815
Iimali eziginwe liSebe				0
IYONKE				88,815

Icandelo B

Injongo yale nkxasomali:

Kukufaka igalelo koomasipala kwiinzame zokuthenga nokufakelwa kweziseko zophuhliso ezijongene nokunikezelwa kwamandla ombane (nto leyo inkubandakanya iijenereyitha, izixhobo ezisebenza ngamandla avuselekayo, iibhetri kunye nazo zonke iindleko kwiimfundo ezingundoqo ezichaphazela ukufakela, oko ke kukuthi, izinxibo eznezivalo, ugcino ngokukhuselekileyo, ukufaka ezikheyijini, njalo-njalo) kusenzelwa iziseko zophuhliso zamanzi nezamanzi amdaka njengokusabela okukhawulezileyo kunkinkishombane oluthabatha ixesha elide, kube ngoo kuthintelwa ifuthe ekunikezelweni kweenkonzo ezingundoqo kwanakwimingcipheko yempilo engathi ivele.

Injongo yesicwangcisoqhinga:

Ukumiselwa kwamacebo angxamisekileyo kwinqanaba likarhulumente wekhaya ngenjongo yokunqanda ifuthe lonkinkishombane kwiinkonzi zikamasipala, kwanakuqoqosho.

Iintetho zeziphumo:

Kukuvulela oomasipala ukuba baqhube nokuzalisekisa izigunyaziso zabo ngokomgaqosiseko ngenjongo yokuqinisekisa imeko esempilweni kwinqubo yokuhanjiswa kweenkonzo kubemi, kuluntu lokuhlala kwanakumashishini Phakathi kwefuthe lonkinkishombane olusagqubayo.

Iimfuno zesicwangciso soshishino:

UMasipala ngamnye kufuneka aqulunqe isicwangciso soshishino esityikitywe liGosa eLongameleyo nesiquletse ezi zidingo zizodwa zilandelayo:

- iziQnisekiso zokuziNikela ezigcwaliswe ligosa elongameleyo ukuze kuthengwe ze kusetyenzwe ngendlela, kugcinwe umgangatho ze kuhoywe zonke iindleko ezingundoqo nezichaphazelekayo (iindleko zokusebenza) ezayanyaniswa nezo jenereyitha zabo.
- Isishwankwathelo sesixa esithe sachithwa ngumasipala ngenjongo yokuthintela ifuthe lonkinkishombane.

Ngapha koko, izicwangciso zoshishino ziya kudwelisa oku kulandelayo:

- Ubukhulu bephulo (luluhlu olwenziwe luqilima lokufakelwa kweziseko zophuhliso ezibalulekileyo kwakunye nokunikezelwakombane)
- Iinkcukacha zoyilo lwezobuchwepheshe
- Izalathisi zeemveliso
- Iziphumo
- Iintshukumo eziphambili
- Isicwangcisoqhinga somiselo
- Amaxesha amiselweyo
- Iindleko ezithelekelelwayo & nokungena nokuphuma kwemali
- Uhlolo nokuqulunqwa kweengxelo

Imiqathango yokuba inkxasomali ixhomekeke kwi- (ngokweSivumelwano seNtlawulo yoDluliselo noomasipala):

- Iingxelo zentsebenzo yenyanga ezingemali kwanezo zingachaphazeli mali (kuquka neenkukacha ezingentengo) kufuneka zingeniswe kwiSebe looRhulumente bamaKhaya njengoko kumiselwe kwiSivumelwano soKwenziwa kweNtlawulo (iTPA).
- Oomasipala kufuneka bakuphe elubala ingxelo engenqubela echaphazela ezemali kwanaleyo ingachaphazeli mali yaye nkcitho kwisithuba seshumi leentsuku zokusebenza zokuphela kwenyanga nganye, de libe liyaqoshela iphulo eli.
- Oomasipala kufuneka bangenise izicwangciso zoshishino ezisemgangathweni kwiSbebe looRhulumente bamaKhaya eziqwalasela iimveliso kunye neziphumo ekujoliswe kuzo, isabelomali esineenkukacha kunye nesicwangciso sokuvlwa kwalo.
- Inkxasmali le ingasetyenziselwa amaphulo adweliswe kwisicwangciso soshishino esiphunyeziweyo.
- Oomasipala kufuneka balandele iinqubo zeentengo ezivulelekileyo nezingakhethe cala ezithobela imigaqo “yomthetho iLocal Government Municipality Finance Management Act”, 2003 (uMthetho 56 ka-2003), ndawonye nemigaqo yeentengo.
- Zonke ii-asethi ezithe zathengwa ngale mali kufuneka zibandakanywe kwirejista yee-asethi kaMasipala ze isiqinisekiso soko singeniswe kwiSebe looRhulumente bamaKhaya.

Uxanduva lwegosa elamkelayo:

- Kukuqulunqa izicwangciso ezisemgangathweni ezayanyaniswa kwiimveliso nakwiziphumo.
- Kukuvelela isicwangciso seentengo sika-2022/23 esiza kuquka iintengo ezixhaswa yile nkxasomali.
- Kukuqinisekisa bunini beli phulo kwelona nqanaba liphezulu lwezamagunya.
- Kukungenisa iingxelo ezingentsebenzo echaphazela imali naleyo ingachaphazeli mali (kuquka iinkcitho ezingeentengo) njengoko zimiselwe kwiTPA.
- Kwenziwe iinkcukacha zifikelele kuwonkewonke ngentsebenzo echaphazela imali naleyo ingachaphazeli mali ngale nkxasomali.

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE****LANGEBERG MUNICIPALITY****PUBLIC NOTICE****INFORMATION STATEMENT IN TERMS OF SECTION 33 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT NO. 56 OF 2003, WITH REGARD TO CONTRACTS HAVING FUTURE BUDGETARY IMPLICATIONS**

Notice is hereby given that the Langeberg Municipality is intending to purchase an Enterprise Resource Planning (ERP) system, which is mSCOA compliant from CCG Systems Pty Ltd for a period of 10 years. The Municipality has followed an open tender in procuring this system.

The current contract with the current service provider is coming to an end and a system is needed to automate and manage the municipality's core business processes. Over and above the core financial system, the proposed system includes a *SCM module, Human Resources Management and Performance Management sub systems*.

The contract will be for 10 years and the total costs of the system over the 10-year period will be as indicated below:

Year 1	Year 2	Year 3	Year 4	Year 5	Year 6	Year 7	Year 8	Year 9	Year 10	Total price for 10 years
17 840 685,83	3 079 647,23	3 387 611,95	3 726 373,15	4 099 010,46	4 508 911,51	4 959 802,66	5 455 782,93	6 001 361,22	6 601 497,34	59 660 684,28

The Municipality is currently using different systems which are integrated. Purchasing this new system will come at no additional cost over the lifespan of the system as the current costs of the current systems (core financial system, SCM system and performance management system) are in line with the costing of the new system. This means that this purchase will not have an impact on the current tariffs of the Municipality but will add more value as it includes more modules than the current systems.

In terms of section 33 of the Municipal Finance Management Act, No 56 of 2003 read with section 21A of the Municipal Systems Act, No 32 of 2000 the public is hereby invited to submit written comments or representations to the Director Financial Services, Langeberg Local Municipality, 28 Main Road, Ashton 6715 on or before **28 April 2023** via e-mail to the following address: mshude@langeberg.gov.za or fax number 023 615 1563.

Any person who cannot write may come during office hours to 28 Main Road, Ashton 6715 where Mrs Adriana Swarts (Manager Budget) of the municipality will assist that person to transcribe that person's comments or representations.

To obtain the draft contract please do not hesitate to contact jbuis@langeberg.gov.za

The Municipal Council will at council meeting, scheduled for **30 May 2023**, consider the approval of the Enterprise Resource Planning System.

For further information and enquiries in this regard, please do not hesitate to contact Mr M Shude on telephone number 023 615 8031.

**D LUBBE
MUNICIPAL MANAGER**

31 March 2023

23169

LANGEBERG MUNISIPALITEIT**PUBLIEKE KENNISGEWING****INLIGTINGSVERKLARING INGEVOLGE ARTIKEL 33 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR NR. 56 VAN 2003, MET BETREKKING TOT KONTRAKTE WAT TOEKOMSTIGE BEGROTINGSIMPLIKASIES HET**

Kennis word hiermee gegee dat Langeberg Munisipaliteit van voorneme is om 'n Ondernemingshulpbron beplanning (ERP) stelsel aan te koop vir 'n tydperk van 10 jaar, van CCG Systems Pty Ltd wat aan Mscoa vereistes voldoen. Die Munisipaliteit het 'n oop tenderproses gevolg met die verkryging van hierdie stelsel.

Die huidige kontrak met die huidige diensverskaffer kom tot 'n einde en 'n stelsel is nodig om die munisipaliteit se kernbesigheidsprosesse te outomatiseer en te bestuur. Bo en behalwe die kern finansiële stelsel, sluit die voorgestelde stelsel *Voorsieningskanaal Bestuur module, Menslike Hulpbronbestuur en Prestasiebestuur substelsels* in.

Die kontrak sal vir 10 jaar geldig wees en die totale koste van die stelsel oor die tydperk van 10 jaar, sal wees soos hieronder aangedui:

Jaar 1	Jaar 2	Jaar 3	Jaar 4	Jaar 5	Jaar 6	Jaar 7	Jaar 8	Jaar 9	Jaar 10	Totale prys vir 10 jaar
17 840 685,83	3 079 647,23	3 387 611,95	3 726 373,15	4 099 010,46	4 508 911,51	4 959 802,66	5 455 782,93	6 001 361,22	6 601 497,34	59 660 684,28

Die Munisipaliteit gebruik tans verskillende geïntegreerde stelsels. Die aankoop van die nuwe stelsel sal teen geen bykomende koste oor die lewensduur van die stelsel wees nie, aangesien die huidige koste van die huidige stelsels (kern finansiële stelsel, Voorsieningskanaal Bestuur stelsel en Prestasie Bestuur stelsel), in lyn is met die kosteberekening van die nuwe stelsel. Dit beteken dat hierdie aankoop nie 'n impak op die huidige tariewe van die Munisipaliteit sal hê nie, maar meer waarde sal toevoeg aangesien dit meer modules as die huidige stelsels insluit.

Ingevolge Artikel 33 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, No 56 van 2003, saamgelees met Artikel 21A van die Munisipale Stelselwet, No 32 van 2000, word die publiek hiermee uitgenooi om skriftelike kommentaar of vertoë aan die Direkteur Finansiële Dienste, Langeberg Plaaslike Munisipaliteit, Hoofweg 28, Ashton 6715 voor te lê, voor of op **28 April 2023** via e-pos na die volgende e-pos adres: mshude@langeberg.gov.za of faksnommer 023 615 1563.

Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan gedurende kantooreure Hoofweg 28, Ashton 6715, besoek waar Me Adriana Swarts (Bestuurder: Begrotingsdienste) die persoon sal help om sy/haar kommentaar of vertoë af te skryf.

Om die konsepkontrak te bekom, moet u asseblief nie huiwer om jbuis@langeberg.gov.za te kontak nie.

Die Munisipale Raad sal tydens die Raadsvergadering, geskeduleer vir **30 Mei 2023**, die goedkeuring van die Ondernemingshulpbron beplanning-stelsel oorweeg.

Vir verdere inligting en navrae in hierdie verband, moet asseblief nie huiwer om Mnr M Shude by telefoonnommer 023 615 8031 te kontak nie.

**D LUBBE
MUNISIPALE BESTURDER**

31 Maart 2023

23169

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 65/2022/2023

PROPOSED REZONING OF ERF 446,
KALBASKRAAL

Applicant:	C K Rumboll & Vennote, PO Box 211, Malmesbury, 7299. Tel. 022-4821845
Owner:	AFM of South Africa, 49 Hibiscus Street, Malmesbury, 7300. Tel no. 0790568618
Reference number:	15/3/3-6/Erf_446
Property description:	Erf 446, Kalbaskraal
Physical address:	Situated at 21 Skool Street, Kalbaskraal

Detailed description of proposal:

An application for rezoning of Erf 446, Kalbaskraal in terms of section 25(2)(a) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that Erf 446 (3055m² in extent) be rezoned from Residential Zone 1 to Community Zone 2 in order to develop the premises with a church.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440 /e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before **2 May 2023 at 17:00**, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

J J SCHOLTZ, Municipal Manager

Municipal Office
1 Church Street
Private Bag X52
MALMESBURY
7300

31 March 2023

23170

GEORGE MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS: ERF 714
WILDERNESS, GEORGE MUNICIPALITY & DIVISION**

Notice is hereby given in terms of Section 33(7) of the George Municipality: Land Use Planning By-Law (2015), that the Deputy Director: Planning (Authorised Official) has per letter dated 3 March 2023, removed conditions B.4(a)(d)(e) from T28079/2021 in terms of Section 15(2)(f) of the said By-law.

**DR. M GRATZ
MUNICIPAL MANAGER**

Civic Centre
York Street
GEORGE
6530

31 March 2023

23171

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 65/2022/2023

VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 446,
KALBASKRAAL

Aansoeker:	CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299. Tel no. 022-4821845
Eienaar:	AGS van Suid Afrika, Hibiscusstraat 49, Malmesbury, 7300. Tel no. 0790568618
Verwysingsnommer:	15/3/3-6/Erf_446
Eiendomsbeskrywing:	Erf 446, Kalbaskraal
Fisiese Adres:	Geleë te Skoolstraat 21, Kalbaskraal

Volledige beskrywing van aansoek:

Die aansoek om hersonering van Erf 446, Kalbaskraal ingevolge artikel 25(2)(a) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel is dat Erf 446 (groot 3055m²) hersoneer word vanaf Residensiële sone 1 na Gemeenskapsone 2 ten einde die perseel te ontwikkel met 'n kerk.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **2 Mei 2023 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

J J SCHOLTZ, Munisipale Bestuurder

Munisipale Kantoor
Kerkstraat 1
Privaatsak X52
MALMESBURY
7300

31 Maart 2023

23170

GEORGE MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES:
ERF 714, GEORGE MUNISIPALITEIT & AFDELING**

Kennis word hiermee gegee, in terme van Artikel 33(7) van die George Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (2015), dat die Adjunkdirekteur: Beplanning (Gemagtigde Beampte) per brief gedateer 3 Maart 2023, voorwaardes B.4(a)(d)(e) van T28079/2021 verwyder het in terme van Artikel 15(2)(f) van genoemde Verordening.

**DR. M GRATZ
MUNISIPALE BESTURDER**

Burgersentrum
Yorkstraat
GEORGE
6530

31 Maart 2023

23171

CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application By **IANA JORDAAN/FRAME** amended restrictive title deed condition as contained in Title Deed No **T54171/2007**, in respect of **ERF 168, 1 CLIFTON ROAD, CLIFTON** in the following manner:

Amendment of conditions **D. II. 3.** in Deed of Transfer **T54171/2007**, pertaining to Erf 168, 1 Clifton as follows:

Condition D. II. 3., which reads as follows:

“That not more than **two** dwelling units contained in one building be erected on any erf and that the coverage of any one erf shall not exceed **50%.**”

To read as follows:

“That not more than **three** dwelling units contained in one building be erected on any erf and that the coverage of any one erf shall not exceed **52%.**”

31 March 2023

23172

CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application By **ANDREW PRATT TOWN PLANNING (PTY) LTD** deleted restrictive title deed conditions as contained in Title Deed No **T19876/2019 and T14487/1999**, in respect of **ERF 3091 CAMPS BAY, 30A WOODFORD AVENUE**, in the following manner:

Deletion of title deed and land use conditions contained in deed of transfer T19876/2019 and T14487/1999:

Condition C.6A.I.(e) relating to the setting back of buildings or structures from street lines.

Condition C.6A.I.(f) relating to the setting back of buildings or structures from the lateral common boundary.

31 March 2023

23173

CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by **DIVAN VAN STADEN** to remove conditions as contained in Title Deed No. T26566/2019, in respect of Erf 8437, **BELLEVILLE**, in the following manner:

Removed conditions:

- Condition B.(3)(b) relating to “It shall be used only for purpose of erecting thereon one dwelling together with such outbuildings as are ordinarily required to be used therewith”.
- Condition Clause B.(3)(d) relating to “No building or structure or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 4,72 metres to the street line which forms a boundary of this erf, nor within 3,15 metres of the rear or 1,57 metres of the lateral boundary common to any adjoining erf, provided that with the consent of the local authority an outbuilding not exceeding 3,05 metres in height, measuring from the floor to the wall plate and no portion of which will be used for human habitation, may be erected within the above prescribed rear space. On consolidation of any two or more erven this condition shall apply to the consolidated area as one erf.”

31 March 2023

23174

STAD KAAPSTAD
STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, dat die Stad na aanleiding van ’n aansoek deur **IANA JORDAAN/FRAME**, beperkende titelaktevoorwaardes soos vervat in titelakte no. **T54171/2007** ten opsigte van **ERF 168, CLIFTONWEG 1, CLIFTON**, op die volgende wyse gewysig het:

Wysiging van voorwaardes **D. II. 3.** in titelakte **T54171/2007**, met betrekking tot ERF 168 Clifton, soos volg:

Voorwaarde D. II. 3, wat soos volg lui:

“Dat hoogstens **twee** wooneenhede wat in een gebou vervat is op enige erf opgerig mag word, en dat die dekking van enige enkele erf nie **50%** mag oorskry nie”

Om soos volg te lui:

“Dat hoogstens **drie** wooneenhede wat in een gebou vervat is op enige erf opgerig mag word, en dat die dekking van enige enkele erf nie **52%** mag oorskry nie”.

31 Maart 2023

23172

STAD KAAPSTAD
STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van die aansoek deur **ANDREW PRATT TOWN PLANNING (PTY) LTD**, op die volgende wyse beperkende titelaktevoorwaardes geskrap het, soos vervat in titelakte no. **T19876/2019 and T14487/1999**, ten opsigte van **ERF 3091 KAMPSBAAL, WOODFORDLAAN 30A**.

Skrapping van titelakte- en grondgebruikvoorwaardes vervat in oordragakte T19876/2019 and T14487/1999:

Voorwaarde C.6A.I.(e): met betrekking tot die terugsetting van geboue of strukture van die straatboulyne.

Voorwaarde C.6A.I.(f): met betrekking tot die terugsetting van geboue of strukture van die laterale gemeenskaplike grens

31 Maart 2023

23173

STAD KAAPSTAD
STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van ’n aansoek deur **DIVAN VAN STADEN/8437** voorwaardes soos vervat in titelakteno. T26566/2019, ten opsigte van Erf 8437, **BELLEVILLE**, soos volg opgehef het:

Voorwaardes opgehef:

- Voorwaarde B.(3) (b) met betrekking tot “dit mag slegs gebruik word vir die doeleindes van die oprigting van een woning daarop saam met die buitegeboue wat gewoonlik nodig is om daarmee saam gebruik te word”.
- Voorwaarde klousule B.(3) (d) met betrekking tot “Geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure en heinings, mag nader as 4,72 meter aan die straatlyn wat ’n grens van hierdie erf vorm, of binne 3,15 meter vanaf die agterste of 1,57 meter vanaf die laterale grens gemeenskaplik aan enige aangrensende erf opgerig word nie, op voorwaarde dat met die vergunning van die plaaslike owerheid, ’n buitegebou van nie hoer as 3,05 meter nie, gemeet vanaf die vloer tot by die muurplaat, waarvan geen gedeelte vir menslike bewoning gebruik gaan word nie, binne bogenoemde voorgeskrewe agterste ruimte opgerig mag word. By konsolidering van enige twee of meer erwe sal hierdie voorwaarde van toepassing wees op die gekonsolideerde erf as een erf.”

31 Maart 2023

23174

CITY OF CAPE TOWN

CLOSURE OF PUBLIC PLACE ERF 148 PHILADELPHIA

Notice is hereby given in terms of Section 4 of the City of Cape Town Immovable Property By-law, 2015, that Public Place Erf 148 Philadelphia, is closed.

SG ref. no.: Cape 45 v2 p113

31 March 2023

23175

CITY OF CAPE TOWN

**CLOSURE OF PUBLIC PLACE ERF 37282
ADJOINING ERVEN 37281 AND 37283-37284
MITCHELLS PLAIN**

Notice is hereby given in terms of Section 4 of the City of Cape Town's Immovable Property By-law, 2015 that Erf 37282 Mitchells Plain will be closed.

SG ref. no.: S/22/39/32 Vol. 2 p12

31 March 2023

23176

OUDTSHOORN MUNICIPALITY

NOTICE 72 OF 2023**PROPOSED REZONING: ERF 1356, OUDTSHOORN**

Applicant: Jan Vrolijk Town Planner
Reference number: TP/ Erf 1356
